

Fotokompetisie: 1st plek: John Pretorius

# Kranspoort Bulletin

## In hierdie uitgawe:




**Temas**


| | |
|---|---|
| Aktueel | - Bl 3 |
| Natuur | - Bl 8 |
| Gemeenskap | - Bl 11 |
| Sport | - Bl 21 |
| Inspirasie-, kennis- en speeltyd | - Bl 24 |
| Foto-gallery | - Bl 29 |
| Advertensies | - Bl 35 |

# Jamblikke, visblikke, 4 x 4....

Wat ‘n vreemde winter. Dit is reeds middel Julie en steeds is die bome groen(erig), so asof die winter hierdie jaar voete sleep. Moet egter nie geflous voel nie, dit is koud! Vroegaand word die vure aangesteek, baadjies aangetrek en verwarmers nader gestoot.
Die heel lekkerste van winter is egter wat op die kostafels kom. Winterkos! Warm-maak kos! Trooskos! Kerriekos en tuisgebakte brood – met taai perske-”jam”!

“Jamblikke…visblikke… drie by drie”. Hoor ek weer hoe ons die kreet, gedurende ons laerskooljare uitgil.
Nee..nee! hier is niks drie by drie in Kranspoort nie. Net 2X2-voetiges en 4X4-voetiges.

“Jamblikke…visblikke…vier by vier!
Ons is, ons is, weet julle wie!
Ons is, ons is, kan julle raai?
Ons is….KRANSPOORT!”

So is ons 10de uitgawe se tema gebore: Winterkos en ons pragtige viervoetige diere (in aksie).

Reg deur die Bulletin sal die tema vloei. Ons kyk bietjie na wilduitdunning, voer van diere en ook die pragtige foto’s in die gallery. Die reseptegroep het hulle bydrae met ‘n winterkos-artikel gebring. Suster Elsie gesels verder oor Insulienweerstandigheid en stel ‘n goeie dieet voor om dit teen te werk.
Ons leer meer oor bye en heuning en stap een tree verder met inligting oor indringer plante in Kranspoort.

Natuurlik is al die nou bekende rubrieke weer daar, propvol nuus en foto’s.

Ons kampvuurstorie in hierdie uitgawe is iets besonders om te lees. Dis ingestuur deur Johan Kruger van ons buurplaas “Komarin”. Hy is ook skrywer van verskeie boeke.

Namens die Bulletin se redaksiespan wil ons vir Helena Lourens in ons midde verwelkom. Helena is wel bekend in Kranspoort en het ingestem om by die redaksiespan aan te sluit. Baie dankie en welkom Helena!

Laastens, op versoek van vele Kranspoorters, het die redaksie besluit om hierdie uitgawe weer die dorpskaart as middelblad te plaas. Vir al die stappers en heining inspeksies Is die paalnommers van ons grensheining bygevoeg.

Geniet die Bulletin, Julie se koue winteraande en warm winterkos.

Wanda Underhay

# Johan gesels...

*Johan Cross, Voorsitter van KEK, gesels met ons.*

Ek skryf hierdie paar woorde voor ‘n koolstoof waarin die vlamme saggies saamgesels en skadu’s teen die muur maak. Winter in Kranspoort is so heerlik voorspelbaar. Koud vroegoggend en saans met heerlike blou-lug-sonskyn dae tussen-in. Genoeg om enige Kapenaar jaloers te maak.

Ek het die afgelope naweek ‘n Kranspoort-stalletjie beman op die plaaslike mark. Ek is keer op keer verras deur die hoeveelheid nuwe intrekkers in ons gemeenskap. En hoe jonk hulle is. Of word ek ouer? Die afgelope paar jaar was daar nie geleentheid om aan hierdie mense welkom te sê en hulle te leer ken nie. Mag julle Kranspoort as ‘n verrykende ervaring in julle lewensreis ervaar. Een waar goeie vriendskap en welwillendheid die negatiewe van ons daaglikse bestaan oorskadu. Skakel in by ten minste een van die aktiwiteite of aksies of sportsoorte wat beskikbaar is. Ons sien uit om julle beter te leer ken.

Ons is die afgelope seisoen geseënd met heerlike reën. Die gras is nog plek-plek groen en die bome vol blare. Volop kos vir ons diere. Daarvan gepraat, sou u enige voer wou aankoop, doen dit asseblief deur die KEK kantoor. Lekke en wildspille is beskikbaar en word by u huis afgelewer teen ‘n baie billike prys. Dit waarborg dat die bale nie besmet is met indringersade nie. Onthou ook, ons voer nie diere op Kranspoort met die hand nie. As diere hulle vrees vir mense verloor, word dit ‘n pes wat uitgeroei moet word. Laaste opmerking: Die voer van mielies is taboe. Dit maak ons bokke siek, selfs dood.

Vervolg op bladsy 2

# Johan gesels... (vervolg)

Somewhere in the Bulletin is another article on Invasives. Please familiarise yourself with these invaders. It is against the law to grow this on your property. The danger is not in the unlawfulness but in the risk of your choice of plants, changing our eco system within a few years. I will rather show my children and theirs a beautiful purple flowering Vanwykshout than an Argentinean Jackaranda. Rather a plakkie or aloe than a Chandelier plant. We have a large range of indigenous plants, fish and animals to choose from. KOC(Kranspoort Owners Committee) has committed two workers on a full-time basis to clean our veld. Our biggest challenge is to have your support in choosing indigenous plants for your garden.

Indigenous plants are beneficial to our insects, bees, birds and animals. Why would you consider planting something they are not fully adapted to? Please assist us in our common duty to protect what has been placed in our care. For more information see https://www.invasives.org.za .

Lastly something on WhatsApp ethics. Is it good manners to send a "thank you" or emoji to someone on an open group? Instinctively we do, but what about the hundreds of participants on the group? Rather send your appreciation, or criticism privately to the sender. Thereby your fellow group members are not being irritated. The golden rule on social media is: Think twice and then once more before you push the green button…. My 2 cents. Johan Cross.



Fotokompetisie: 2de plek: Alwyn Kruger



Fotokompetisie: 3 de plek: Tienie Swart

# Operasionele verslag: Christo gesels met Elsabé oor Kranspoort.

Die nuwe opgaartenk ("reservoir") by die Vodacom-toring is voltooi en 'n groot aanwins vir Kranspoort. Rondom die reservoir is 'n nuwe heining opgerig en werkers is besig om klipmuurtjies te bou vir afronding asook om grondverspoeling te keer. Om die terrein optimaal te benut, word 'n nuwe uitkyk/braai area beplan. Die plan is om 'n piekniekarea voor die reservoir, met lieflike panorame oor die dorp te bou. Gras en bome sal aangeplant word. Verder is die plan om 'n sementpaadjie vanaf die reservoir tot by die uitkykpunt te bou – ook 'n braaiplek en bankie. Dit voorspel om 'n voorkeurplek vir besoekers te wees wat graag Kranspoort se pragtige sonsondergang wil beskou of net lekker met familie wil kuier.

Die dorpstuktuur is nou 33 jaar oud. Dit sluit die waterpyp-stelsel in. Die verouderde pype begin nou probleme gee met onwelkome gevolge. As gevolg van vragmotors wat Kranspoortrylaan gebruik, beskadig die reeds verswakte pyp waar dit onder die pad deurloop. Dit veroorsaak gereelde waterlekke en -vermorsing. Die huidige afsnykleppe is al so opgeroes dat dit nie meer oop en toegedraai kan word nie. Dit moet vervang word. Met opgrawing vir die doel, verbrokkel die pype. 'n Verder uitdaging tot die probleem is dat die pype wat destyds gebruik was, nie vandag meer beskikbaar is nie. Dit is ook nie moontlik om die pype stuk-stuk met nuwe pype te vervang nie, aangesien die ou pyp bloot rondom die nuwe een verbrokkel. Dus moet lang stroke van die pypleiding oopgegrawe en vervang word. Dit is egter nie 'n goedkoop projek nie.
Daar is nou gesprekke met STLM aan die gang met die doel om nuwe pype te bekom.

Die feit dat ons dorp so vinnig groei is 'n groot uitdaging en plaas baie druk op ons infrastruktuur. Mense begin ook al meer om hul erwe toe te maak, wat weer ons weidingsgebied inperk. Kranspoort reëls vereis dat slegs een kwart van 'n erf toegespan mag word. Die rede daarvoor is om vrye toegang van beweging aan wild te verleen en dus hulle weidingsgebied te vergroot. Die nuwe tendens is egter dat inwoners en eienaar die reëls verontagsaam en hulle erwe in geheel toemaak.

Kranspoort is 'n gras-arm area. Dis bergagtig met baie klippe wat veroorsaak dat gras nie so maklik groei soos op n plat beesplaas nie. Dit bepaal ook die getal diere wat in Kranspoort aangehou mag word. Ons versoek aan inwoners en eienaars is dus om Kranspoort se reëls te respekteer en te verstaan dat dit ingestel is om Kranspoort as ekostelsel te behou en te bestuur.

Ons (en die wild) is dankbaar vir al die inwoners wat so getrou voeding aan wild verskaf. Ons versoek egter dat diere nie met mielies gevoer word nie. Mielies is nie ideaal vir wild nie, dit gee hulle "goorpens" en ons het al verskeie bokke verloor as gevolg daarvan.

Dit bring ons by indringerplante. Rooibokke is grasvreters en as die gras te min raak, begin hulle blare vreet. Tans is gifappeltjies 'n groot probleem in Kranspoort. Dit is dodelik vir diere. *(Lees ook artikel oor indringerplante op bladsy 10. Red).* Die versoek is dat inwoners lusern en wildsblokke by die kantoor sal bestel. Dit is skoon lusern en wildsblokke wat aalwyn bevat. Van die lusern wat mense elders aankoop, bevat indringerplante wat dan weer hier versprei word.

Wilduitdunning is steeds op die aksielys en dit sal na die skoolvakansie weer in aanvang neem. Intussen het die wildtellingspanne per helikopter gewerk. Hulle bevind egter dat daar te veel rooibokke en sebras in ons veld is. Ons volg doofpyl-metode wat minder stres op die diere en inwoners plaas en dis minder arbeidsintensief. Die blouwildebeeste het intussen in twee troppe verdeel. Ons gaan die bulle beperk tot een per trop. Die rooiboktroppe is nou groter met minder ramme en die nuwe ooitjies bring weer 'n skoon bloedlyn in. Die groot trop beweeg uit die dorp, veld toe. Hulle vretery daar stimuleer weer nuwe grasgroei. Dit is presies wat ons wil hê.

Die feit dat dit so goed gereën het, is goeie nuus vir ons brandseisoen. Ons wil op uitgesoekte plekke langs die lyndrade voorbrande maak, maar die gras is nog so groen dat dit nie wil brand nie. Ons probeer die wildroetes in stand hou sodat meer voertuie (ook gewone voertuie) die plato kan besoek. Dit is waar die kameelperde deesdae wei. Om die wildspaaie in stand te hou is meerdoelig. Die paaie vorm blokke wat ook brandbestryding vergemaklik of verspreiding van brande voorkom. Ons het baie tyd en geld aan die paaie bestee. Die padgruis wat ons altyd by die gruisgat uitgehaal het, is opgebruik. Ons is nou verplig om ons gruis aan te koop as standaard padmateriaal wat met sement gemeng word. Ses vragte kos ongeveer R25,000.00.

Voor die einde van Augustus beplan die Omgewingsbeplanning-span om weer 'n ope omgewingsdag te hou. Dit word by die Raasblaarsaal gehou. Alle inwoners is welkom om by te woon. Dit is 'n goeie geleentheid om al julle vrae en bekommernissse te kom opper. Ons leuse is dat alle inligting beskikbaar is vir Kranspoorters.

## Wilduitdunning en verwerking van vleis. ( herhaling van artikel in Bulletin Nr 6, Julie 2021)

*Na soveel versoeke, vrae, bekommernisse en ontevredenheid gelig is rondom wilduitdunning, het die Redaksie dit goed gedink om hierdie artikel wat in Julie 2021 verskyn het, te herhaal. – Red.*

Vanuit die verskeie verslae, asook insette gelewer deur die Departement van Natuurbewaring se evaluasies van ons veld, word aanbevelings gemaak i.v.m. die getal wild, per spesie, wat ons veld kan dra. Dit word vergelyk met die inligting verkry uit wildtellingverslae. Met hierdie inligting, en met insae van verskeie kenners, word jaarliks bepaal watter spesies en hoeveel verwyder moet word.

Met groot getalle wild, byvoorbeeld rooibokke, is die aanwas soms hoër as wat uitgedun word. Dit het 'n groot invloed op die benutting van ons gras en blare. Rooibokke vreet 60% blare en 40% gras. Wintermaande is daar geen eetbare blare nie en vreet die bokke slegs gras. Nou is die benutting van die veld soveel hoër en kan oorbeweiding maklik voorkom. Volgens die Eko-verslag mag Kranspoort slegs 100 rooibokke huisves, maar aangesien ons voer, mag ons 150 aanhou. Die oplossing tot hierdie probleem is dus uitdunning van wild.

In Kranspoort is daar al verskeie uitdunningmetodes toegepas. Die vang van wild met nette, jag met pyl-en-boog en dan uitskiet. Pyl-en-boogjag was nie suksesvol nie en tans word die ander twee tegnieke toegepas. Die proses van uitdunning deur die vang van wild in nette begin deur 'n behoeftebepaling te doen vir die aankoop van wild deur omliggende boere. Bekwame eksterne kontrakteurs word dan aangestel. Nette word op strategies geskikte plekke geplaas, gewoonlik waar groot getalle van daardie wildsoort gereeld voorkom. Wildvoer word in die middel van die netsirkel geplaas as lokmiddel. Sodra daar genoeg van daardie soort wild binne die sirkel is, word die nette gesak. Die wild word deur 'n drukgang op voertuie gelaai en weggevoer. Hierdie jaar was die eerste jaar wat Kranspoort hierdie metode beproef en met groot sukses deurgevoer het.

Die uitskiet van wild is egter die gewildste metode aangesien dit vinnig en skoon gedoen word, en plaaslik hanteer kan word. Dit word met groot sukses binne Kranspoort toegepas. Uiters streng keuringsprosesse vir jagters en die skiet van die diere word toegepas. Diere mag slegs in seker toestande geskiet word en slegs goedgekeurde diere.

Die jagproses word volgens die die jagbeleid toegepas. Slegs kopskote word toegelaat. Die afgelope twee jaar het ons 'n 98% sukseskoers getoon met kopskote deur die jagters wat gebruik word.

Jagters word deur 'n streng keuringsproses aangewys. Dit sluit in goedgekeurde wildjaglisensie , gelisensieerde wapen, registrasie by 'n jagverening (nie verpligtend nie), goeie skietreputasie, voldoening aan al die natuurbewaringsvoorskrifte. Hy moet ook aan die teikenskiettoets deelneem en slaag, voordat hy oorweeg sal word om binne Kranspoort te jag.

Lees meer oor die verwerking van wildvleis in Kranspoort op bladsy 7

**Kranspoort Direksie:**

Johan Cross:
Voorsitter
Sel nr. 083 709 0227

Rudi Kruger
Onder-Voorsitter
Sel nr. 083 325 6081

Dries Lategan
Direkteur: Finansies
Sel nr. 082 452 5171

Steve J van Rensburg: Direkteur: Sekuriteit, Gesondheid en Veiligheid.
Sel nr. 084 588 1690

Frik Roux.
Direkteur: Wild en Omgewingsake.
Sel nr.  083 229 7601

Theo Hurter
Direkteur: Heffings en Lederegister.
Sel nr. 066 286 3232

Wynand Pretorius
Direkteur : Gholf
Sel nr. 083 279 4272

# Kranspoorters sê hulle sê.....

## Wat is jou opinie rakende handvoer van wilde diere?

**Luanka Fourie:** "Ons wil nie hê die diere moet gewoond raak aan mense nie want dan raak hulle stout en dit is wanneer insidente gebeur en dan moet die dier uitgesit word."
**Veronica Schoeman:** "Handvoer, dis nie reg nie, maar dis een van die redes hoekom ons in Kranspoort gekoop het. Dis 'n manier om actually wild te sien maar nee dis nie reg nie."

## Dink jy wild uitdunning is werklik nodig

**Luanka Fourie:** "Wilduitdunning is nodig want ons plaas is net 'n sekere grootte en die natuurlike roofdiere is te min om beheer uit te oefen so mense moet intree om die veld te beskerm.
Die manier hoe wild uitgedun word kan ek nie kommentaar op lewer nie want ek is nie n kenner op die gebied nie, maar sal deursigtigheid waardeer van bestuur vir inligting om te weet hoeveel word uitgedun en wat word met die vleis gedoen asook hoe werk die skiet proses."
**Veronica Schoeman:** "Ja, beslis is dit nodig, daar is net soveel weiding beskikbaar mens kan nie oorbewei nie."

Kranspoorters gesels verder op bladsy 5

Ons wildspesies word bestuur onder permitte en getalle wat jaarliks deur die Dept Omgewingsake goedgekeur word. Spesies en wildgetalle word deur beide die Dept Landbou- en Omgewinsake bepaal volgens grondgrootte en habitat drakrag(oppervlakte voorkoms van boom-en grassoorte).

KEK Wild-en Omgewingsake stel jaarliks 'n wildbestuursplan saam aan die hand van die permitte. Wildtellings word twee maal per jaar gedoen en oorskotgetalle bereken.

Daar is reeds jare gelede besluit dat wild as 'n inkomste besigheidsbate bestuur moet word en minstens as 'n bate selfonderhoudend moet wees. Hierdie verwagte inkomste word jaarliks in KEK se begroting verreken. Dit dra ook by tot ons lae heffing en instandhouding uitgawes.

Ons wildbestuur is op gesonde vlak en ons is bevoorreg om uitsonderlike aanwas te sien. Nuwe spesies kan ingebring word en genepoele gereeld uitgebrei word.

Om binne die gestelde permitgetalle te kan bly, word wild deur die jaar lewendig, per karkas of verwerk verkoop .

Lewendige verkope bereik 'n hoogtepunt voor die winter wanneer wild se kondisie nog goed is en aanvraag voor die komende jagseisoen op sy hoogste is. Dit bring ook mee dat voeruitgawes tydens die wintermaande binne beheer bly en dat getalle voor die komende aanwasseisoen binne perke bly.

Ons wens KEK geluk met die besondere wyse waarop ons wildkuddes bestuur word sodat ons as inwoners hieruit genot mag put.

Johan Botha

# Kranspoorters sê hulle sê..





**Foto's van Nagapies: Ona** Ackerman. (Vriendin van Kranspoort)

## Wat is jou opinie rakende handvoer van wilde diere?

**Wietske Smit:** "NEE, Ons moet die diere respekteer. Dit betken dat al voer ons hulle, moet die mens die dier se andersheid respekteer en nie dit aftakel nie. Dis selfsugtige om daardie afstandhouding af te breek."
**Barry Muller:** "As jy wilde diere voer met die idee om hulle nader aan jou huis te bring verander jy 'n wildtuin in 'n dieretuin…jou keuse."
**Gert Underhay**: "Diere kan gevoer word, maar nie met die hand nie. Dit is gevaarlik, wilde diere is wild, of dit 'n bok of 'n vark is, hy bly gevaarlik en mense moet dit verstaan. Daardie dier het die vermoë om jou of dalk iemand anders baie seer te maak."
**Ansie van Rensburg: "**Om 'n wilde dier met die hand te voer is beslis 'n baie bevredigende gevoel. Maar ook uiters gevaarlik, dit bly 'n wilde dier. Gee liewer gesonde wildspellets en bale op 'n veilige afstand en geniet hulle ten volle."

## Dink jy wild uitdunning is werklik nodig?

**Wietske Smit:** "Dis soos boerdery. Deur middel van goeie teling word diere veredel. Sonder uitdunning volg oorbevolking. Oorbeweiding volg. Vang diere deur middel van pylverdowing. Die inwonders sal nie daaroor stres nie. Met die wins kan nuwe bulle/ramme aangekoop word, asook voer en ander hulp-middels vir goeie wildbestuur."
**Barry Muller**: "Wilduitdunning is 'n moet! Nie 'n keuse nie. Verkieslik lewendig. Ongelukkig dra ek geen kennis van hoe groot die aanvraag is nie."
**Gert Underhay:** "Absoluut nodig. Ons is 'n omheinde plek, soos 'n plaas. Daar is dus beperkte weiding. Oorbeweiding is een van die grootste probleme as daar nie uitgedun word nie. Die tweede probleem is die bloedlyn, as ons nie uitdun nie, kan daar ook nie nuwe diere (nuwe bloedlyn) ingebring word nie. Rakende die metode, is uitskiet sekerlik die goedkoopste, ons het ons eie abattoire wat vleis verwerk en verkoop."
**Ansie van Rensburg**: "Wild moet defnitief uitgedun word, ons het nie genoeg weiveld as hulle net aanhou teel nie. As ek 'n bok was sou ek eerder met een skoot die ewigheid wou ingaan en die trauma van aanjaag en vang en vervoer word vrygespring."

**Voer van diere met die hand:** Beslis nee! Dis slegs 'n kwessie van tyd voor iemand gaan seerkry. By Mabalingwe se woonwapark is 'n plakkaat opgesit wat mense ernstig hierteen gewaarsku het. 'n Bejaarde dame het 'n Njalabul met stukkies brood gevoer. Die bok het sy kop laat sak om die krummels op die grond te vreet, sy kop onverwags opgetel en die horings het die dame se slagare in haar bobeen oopgeskeur. Sy is kort daarna oorlede. Onlangs is 'n bekende fotograaf, wat baie naby 'n kameelperdbul gekom het, dood toe die bul hom onverwags met die kop en nek geslaan het.

**Is wilduitdunning nodig?** Weer eens 'n besliste ja. Kranspoort is omhein, wat diere verhoed om te trek na weiding. Daar is 'n balans tussen die aantal diere en die hoeveelheid kos wat die natuur kan voorsien. Te veel diere vernietig die omgewing en die spesie op sigself. In ons spesifieke bergagtige en bosryke omgewing is daar nie 'n enkele "beste"metode van uitdunning nie, maar 'n kombinasie van jag, vang en verdoof.

Fonnie van Vuuren

Lees nog kommentaar op bladsy 7

### Wat is jou opinie rakende handvoer van wilde diere?

**Willie Schoeman:** "Handvoer van (mak) wilde diere is verkeerd, verkeerd, verkeerd maar so lekker! Nabye kontak met "wilde diere" is min mense beskore en daarom geniet ons dit,

Uitsit van kos of voer vir wilde diere in ons Kranspoort habitat help dat ons hoër getalle diere in 'n beter kondisie kan hou, veral tydens die af seisoen wanneer kos al minder raak in die veld. Dit is egter baie belangrik dat die regte tipe voer met die regte voedingswaarde vir die diere beskikbaar gemaak word."

### Dink jy wild uitdunning is werklik nodig?

**Willie Schoeman:** "Wilduitdunning op Kranspoort is baie belangrik om die getalle en inteling in beheer te hou.
Die genepoel word hierdeur versterk en dit bevorder die ekonomiese en estetiese waarde van die diere. Almal wil mooi diere sien.

Uitdunning kan plaasvind deur die wild aan te jaag en te vang (hoë stresvlakke), verdowing en oplaai (minder stres maar steeds hoog) of om met vinnige kaliber gewere kopskote te skiet. (Mees "menslike" metode) Geen beserings, stres of leiding nie.
Ander metodes soos met boog en pyl is nie geskik om getalle te beheer nie."

## Karkaste en beheer daarvan. (vervolg van bladsy 4)

Nadat die diere geskiet is, word die interne organe verwyder, gesteriliseer, gedokumenteer en na die koelkamer vervoer. Gedurende die besoek van die distrikinspekteur word die organe nagegaan vir siektes, waarna dit saam met ander afvalstukke na die aasvoëlrestaurant (op die plato) geneem word. Die karkas word na die Koelkamer geneem, vel word verwyder en dan gehang. Die vleisinspekteur sal die karkas nagaan en stempel die kwaliteit van die vleis as geskik vir menslike gebruik.

Die vleis word verwerk in snitte volgens bestelling. Bestellings vir vleis word by die Kranspoort Administrasie kantoor geplaas. Huidiglik is die aanvraag hoër as wat verskaf kan word en 'n waglys word gehou. Die mees gewilde versoeke is vir heel karkasse, maalvleis, kookvleis, droëwors en biltong. Enige versoek vir snitte kan wel geplaas word. Jan Wilken, wat uitstekende diens lewer, tree op as blokman.

## Etiese gedrag van sosiale media. (deur Deon Taljaard)

Bykans almal van ons maak op een of ander wyse gebruik van sosiale media. Kranspoorters is afhanklik van verskeie Whatsapp-groepe vir die verspreiding van inligting. Veral in gevalle van nood en ons "Water en ligte" groep, word inligting per sosiale media versprei.

Soms gebeur dit egter dat sosiale media misbruik word. 'n Voorbeeld hiervan is die aanstuur van fopnuus. Liggelowiges onder ons aanvaar hierdie as die waarheid en versprei dit verder. Dit kan tot onnodige paniek lei. Baie belangrik: as iets eers op die internet geplaas is, bly dit daar. Die plaser kan dit uitwis, maar die kanse is goed dat die boodskap reeds gedeel is. Dit kan beteken dat daar reeds 'n skermgreep daarvan gemaak is.

Kom ons kyk 'n bietjie saam na hoe ons, ons sosiale media meer verantwoordelik kan gebruik. Eerstens is Kranspoort se groepe in die lewe gebring **vir die verspreiding van inligting**. Dit moet nooit gesien word as middel om klagtes te opper nie. Daarvoor is die kanale na die Operasionele bestuurder en die KEK kantoor oop vir almal om te benut.

Vervolg op bladsy 23

# Die stad van die Heuningbye. (deur Elsabé Strydom)



BO: 'n Heuningby (*Apis mellifera*) vlieg met stuifmeel in 'n stuifmeelmandjie terug na die nes.

Met die lees van die boek: The History of Bees deur Maja Lunde (fiksie), kom 'n mens weer eens tot die besef hoe beangrik die rol van bye vir die mens se voortbestaan is. Ons is nie net afhanklik van bye vir die maak van heuning nie, maar ook vir bestuiwing. Heuning was vir lank die enigste vorm van suiker en byewas was vir eeue gesog vir die maak van kerse en salwe. Die verskillende smake van heuning hang af van waar die bye hul nektar versamel.

Nektar is 'n suikeragtige oplossing wat in blomme voorkom. Vyftig tot tagtig persent kan water wees, maar wanneer die bye dit in heuning omskakel, bevat dit slegs sestien tot agtien persent water. Tog maak die gemiddelde nektar-versamelby, slegs 'n twaalfde van 'n teelepel heuning in haar lewe. Werkers moet ongeveer twee miljoen blomme besoek om minder as 'n halwe kilogram heuning te maak. Inwoners van 'n nes is die koningin, die werkers en die hommelbye of darra.



Die koningin is 'n bevrugte wyfie wat in staat is om meer as duisend eiers per dag te lê —elke dag, gedurende haar hele lewe, van een tot sewe jaar. Sy word van haar larwestadium af saam met n klomp ander larwes vir haar koninklike rol "gekweek"- anders gevoed as die ander larwes. Potensiële koninginne ontvang koninginjellie van die werkers wat haar voed. Die eers-gebore "kroonprinses" maak die ander "prinsessies" dood sodra sy uitgebroei het en word die koningin van die korf.


Die werkers vorm deel van 'n groep wat bestaan uit enkele bye tot soveel as 60 000 onderontwikkelde en steriele wyfies. Pleks van 'n lêboor soos by die koningin, het hulle 'n venynige gifangel aan die agterlyf. Daarmee sal sy die nes tot haar dood verdedig. Die werkers versorg die koningin en haar eiers en larwes. Daarbenewens is hulle nektar versamelaars en het ook 'n stuifmeel-mandjie aan die agterpote wat nie by die koningin voorkom nie.

> Ons geniet die suikersoet heuning wat hulle maak, maar dit is lank nie die belangrikste nut van heuningbye nie. Sonder die by-klanke in ons boorde sal ons geen loflied vir die perske, die pruim en hoeveel ander gewasse kan aanhef nie!

Die hommelbye of darre is 'n groep van twee tot sowat 'n duisend mannetjies, wat uit onbevrugte eiers ontwikkel. Hulle word ook deur werkers versorg en hulle enigste taak is om met 'n koningin te paar. Dit kos hom egter sy lewe. Die bevrugte eiers wat deur 'n koningin gelê word, word bevrug deur die sowat 90 miljoen sperma wat sy haar lewe lank in haar liggaam bewaar na haar bruidsvlug. Die bruidsvlug volg 'n spesifieke patroon waartydens sy met 'n hele paar hommels paar. Gedurende die winter word die hommels baie keer uit die nes geskop en vrek.

Die lewe van 'n nuwe heuningby begin die oomblik wanneer die koningin 'n eiertjie in 'n sel van 'n heuningkoek lê. Drie dae daarna verskyn die larwe. Vir die volgende drie dae sal die larwe deur werkers met koninginjellie gevoed word. Vanaf dag vier kry die larwe slegs heuning en stuifmeel en na agt dae is die larwe volgroeid. Hy sal homself nou toespin in 'n sykokon en 'n papie word. Na die russtadium, wat nog 'n aantal dae duur, maak die volwasse by sy verskyning. As die nuweling 'n werker is, wag daar 'n bedrywige lewe van 20 tot 40 dae op haar, waartydens sy haar letterlik dood werk. Gedurende die winter kan sy omtrent 140 dae leef.

Werkers se take is om die nes skoon te hou (gedurende die eerste drie dae van hul lewens) en daarna voer hulle die larwes tot die tiende dag. Hierna word hul was-produserende organe aktief en begin hulle met die bou van nuwe wasselle. Die sestiende tot die twintigste dae word hulle tyd aan die versamel van nektar en stuifmeel bestee. Terugkerende werkers bring dit na die korf. Omtrent die twintigste dag begin hulle dus met hul taak om die oes in te sameling. Hulle vlieg teen 25 kilometer per uur en verorber nektar wat in heuning omgeskakel word en bestuif terselfdertyd plante met stuifmeel wat aan hul pote kleef.




‘n Byekorf is ‘n goed geoliede fabriek en die bye dwing beslis ons respek af.

Bron: Mieliestronk

## BY-na ’n heuningkoek...



Alles wat soos ’n heuningkoek lyk, is nie noodwendig ’n heuningkoek nie. Glo dit, die “koek” REGS is polio-virusse onder die elektron-mikroskoop —dit het hoegenaamd niks met bye te doen nie. ONDER is wel ’n elektronmikrograaf van ’n klompie van ’n by se oogeenhede. Is dit omdat haar baie ogies seshoekig is dat die by niks anders as seshoekige was-selle kan bou nie?





Foto bo: CDC / Dr. Fred Murphy

Foto links: CDC / PHIL

REGS: En dié? Baie mense sou seker sê dis die karton- of papieragtige nessie van ’n soort perdeby, soos ’n mens dit aan takke of oorhangende dakke vind. Verkeerd! Dis ’n mikrosfeertjie van kristalliete van die verbinding titaandioksied, soos vergroot deur hipermoderne tegnologie. Wetenskaplikes sê daar kan van só ’n kristalstruktuur verwag word om lig baie doeltreffend te versprei.



Foto bo: Sascha Klein, Fred Lange and David Pine, Universiteit van Kalifornië, Santa Barbara / Met vergunning van National Science Foundation

REGS: ’n Werklike papieragtige perdebynes. Die boustof vir sulke soorte neste bestaan uit verrotte en fyngemaakte hout en speeksel. Baie perdeby- en bysoorte maak egter ook hul nessies of die kweekkamertjies vir hul toekomstige larwes van modder of klei. Die bepaalde perdeby op hierdie foto is, sover vasgestel kan word, nie van ons wêrelddeel nie, maar in vergelyking met ander wêrelddele is Afrika tog betreklik ryk aan by- en perdebysoorte. In Suider-Afrika alleen is honderde inheemse soorte wat nie eens in ander dele van Afrika voorkom nie.



Foto: CEPOLINA.COM / FREEPHOTO

## Insekdoder en bye-vrektes

Brokkie inligting bygevoeg in April 2012

**’N INSEKDODER wat baie algemeen gebruik word, is waarskynlik die oorsaak van die skerp wêreldwye vrekte van bye-kolonies, volgens ’n studie deur die Harvard School of Public Health in Boston, Massachusetts, in die VSA. Die bevinding is in April 2012 bekend gemaak.**

**Lede van die Harvard-span, onder leiding van die bioloog Alex Lu, het gesê dat hulle oortuigende getuienis gevind het van ’n verband tussen die insekdoder en die verskynsel dat bye hul neste in sulke swerms verlaat dat die kolonies afsterf.**

## Die dans in die vorm van ’n 8




Hoe vertel ’n werkerby wat van ’n nektarbron af in die byekorf terugkom vir haar medebye waar sy die blomme gekry het? Die Oostenryker Karl von Frisch is met die Nobelprys beloon nadat hy die fantasiese antwoord gevind het. Hy het vasgestel dat sy dit doen deur vir hulle op ’n heuningkoek wat ondertoe hang in die vorm van ’n 8 te dans! Sy vertel vir hulle hoe ver die blomme is deur middel van die aantal swaaie van haar lyf in die reguit deel van die dans. Om die rigting aan te dui, word die hoek tussen die kos en die son voorgestel deur die hoek wat die by ten opsigte van die swaartekrag (of die loodregte lyn) aanneem. Hoewel die son se hoek voortdurend verander, “weet” die by hoe om haar dans daarby aan te pas, hoewel sy nie meer die son in die donker korf kan sien nie.

# Invasive plants (by Elsabé Strydom)

## Lantana camara – Tick-berry/ Gewone Latana



A spreading shrub or untidy scrambler growing up to 2m or higher. Stems usually covered with short, stiff hairs and recurved thorns. Dark green, rough, hairy leaves which are paler below and smell strongly when crushed. Pink, red, crimson, orange, yellow or white flowers in compact, flat-topped heads, often with several colours in one head, appear from September to April. Glossy green fruits which turn purplish-black. Poisonous.

Why is it a problem?

Competes with and replaces indigenous species. Allelopathic suppression of indigenous species interrupts regeneration processes and reduces biodiversity of natural ecosystems. Dense stands in plantations obstruct access and utilization. Poisonous to humans and animals and responsible for livestock mortalities amounting to millions of Rands every year in South Africa. Reduces the grazing potential of the land.

## Bryophyllum delagoense (Crassulaceae) – Chandelier plant / Kandalaarplant



An erect, hairless succulent perennial growing 1,2m high with grey-green, mottled leaves often having darker green to reddish spots. Flowers are pale orange to deep magenta appearing from June to July on the end of an erect stalk. Poisonous.

Why is it a problem?

It competes with indigenous species and is very poisonous to humans and animals

Leaves: Toothed grey-green leaves with dark green to reddish spots.

Flowers: Pale orange to deep magenta in colour and flowers during June-July season.

Fruit/Seeds: Produces small fruits with numerous seeds.


## Solanum seaforthianum (Solanaceae) Potato creeper / Aartappelranker



A slender herbaceous or woody climber growing 2-3m high with bright green leaves that are thinly textured and deeply lobed into leaflets. Showy blue to purple flowers in long drooping clusters bloom from December to March. Small, shiny berries 5-10mm across, green turning red. Fruits, leaves and stems are poisonous.

Why is it a problem?

Overtops and smothers other species. Poisonous. Indigenous birds could neglect the dispersal of indigenous plants as a consequence of their preference for the fruits of this alien species.



# Suster Elsie praat oor gesondheid.

## Insulienweerstandigheid (Deel Twee))

In die April Bulletin het ons geleer dat insulien afgeskei word elke keer wat ons eet en wanneer ons **te dikwels** eet, insulien weerstandigheid ontwikkel.
Ek het ook in die vorige uitgawe 'n oplossing vir die probleem belowe. Kom ons gesels dus bietjie oor oplossings vir insulienweerstandigheid:
Die beste oplossing is om slegs een groot maaltyd per dag te geniet. Kies jou etenstyd wanneer dit jou pas. Die res van die dag mag jy wel suikervrye koeldrank, tee en koffie geniet. Wat alkohol aanbetref is slegs droë rooiwyn aanvaarbaar.

Ek verstaan dit is streng en vir sommige baie moeilik om te volg. Daar is egter 'n alternatief.
Sny alle suiker en stysel tot die minimum en eet klein versnapperings van neute, biltong, kaas en worsies tussenin. Maar slegs in klein hoeveelhede.
Dit sal verseker dat die glukosevlak in die bloed stabiel bly.

Indien jy oorgewig is, stel ek onderbroke vasting(intermitted vasting) of die vas-dieet voor. Die doelwit is om vir 18 ure per dag te vas. Indien jy dit nog nooit voorheen gedoen het nie, stel ek voor jy begin met 'n 12 ure vas en werk jouself op na 18 ure toe. Byvoorbeeld: Begin deur tussen 20h00 en 8 uur in die oggend geen voedsel in te neem nie. Oefen jouself daarin en verleng die tydperk tot byvoorbeeld vanaf 18:00 tot 12:00 die volgende dag.

Vas stimuleer die afskeiding van Lipase wat vet verbrand en die liggaam dwing om vet in plaas van glukose te verbrand. Die lewer verbrand die oortollige vet en sodoende begin die liggaam op sy eie vet te "snack". (staan ook bekend as autophagie).

Belangrik om te weet: Navorsing het bewys dat oorgewig mense nie gewig verloor deur kalorieë te tel nie. Slegs die verbranding van vet sal werklik suksevol wees.

Ook belangrik is om te weet, is om die korrekte kos te eet.

Toelaatbare voedsel om oorgewig te beheer:
Proteïene: Alle ongeprosesseerde vleis met 'n vetjie aan, is aanvaarbaar, ook bacon.
Vette: Room, botter, volroom jogurt, palmolie, klapperolie, amandel botter, alle neute en avokado's.
Vrugte: slegs bessies (enige soort: aarbeie, bloubessies, appeliefies ens)
Naskrif: Indien jy meer hieroor wil weet kontak my persoonlik by 083 787 8902 en luister na Dr Jason Fung – Nefroloog op Youtube: "The obesity code".

Om jou verder te help, het ek 'n goeie dieet, die Ketogeniese dieet, hierby ingesluit.

Tot volgende keer.

Suster Elsie Swanepoel

**KETOGENIESE DIEET**

| | | |
|---|---|---|
| **DIT BEHELS EERS GESOND WORD, DAN GEWIGSVERLIES.**<br>• as wil vinniger gewig verloor, wees versigtig vir te veel diary en probeer slegs een of twee keer per dag eet<br>• pasop ook vir te veel proteine – dit stimuleer afskeiding van insulien | **3 BEGINSELS**<br>• sny koolhidrate tot slegs 20gram per dag as gewig wil verloor, so nie 50 gram per dag om ketose te behou (autophagea)<br>• eet slegs wanneer honger<br>• stop as jy versadig is | vet 75%<br>koolhidrate 5%<br>proteine 20% |

**VOEDSELS TOEGELAAT** – (ALLE ANDER, KYK OP CHRONOMETER EN BESLUIT SELF)

| NAAM | NOTAS |
|---|---|
| **DRANKIES**<br>Koffie,tee,water,Droe rooi wyn*ACV drankies – applesider vinegar | * Appelasyn (apple cider vinegar) |
| **VRUGTE/BESSIES**<br>Strawberries,blackberries,blueberries,raspberries,Cranberries,Gooseberries coconut | |
| **NEUTE**<br>Macadamia,brazil,macadamia,Walnuts,pecannuts,<br>Beperkte grondbone – hoog in carbs | |
| **SWEETNERS**<br>Stevia, Monk fruit, Erythritol, Xylotol | |
| **VETTE/OLIES** ***nie Canola, Sonneblomolie<br>Botter,heavycream,cream,Oliveoil+Olives,coconut+coconutoil,avo+avo-oil,eggs<br>***MCT olie – sinteties vervaardig | **MCT olie uitstekend vir ketose maar nie kosgaarmaak nie. Kry coconutolie /olyfolie vir kosgaarmaak<br>Pasop vir mayo en slaaisouse – maak eie – lees etikette |
| **PROTEINE** 1-2 gram per kilogram liggaamsgewig<br>Alle vleis – Kan vetjie eet, maar nie geprosesseerd bv. polony- lees etikette<br>VIS EN SEEKOSSE –mag alles eet, veral hoog in vet, SALMON +++<br>Orgaanvleise bale hoog in Yster en ander noodsaaklike vette | ***Beperk totale protein tot 1-2 gram per ligg gewig/dag<br>***maak eie lewerpatee |
| **DIARY** Geen melk, slegs room,Botter,heavycream,roomkaas, volroom cheddar, volroomgouda, volroom bokmelkkaas,<br>NIE FETA EN COTTAGE CHEESE NIE – GEEN GEPROSESSEERDE KASE NIE | |
| **GROENTE** plus minus alles wat bo grond groei, behalwe bone, wel groenbone<br>Alle groen groente -behalwe ertjies<br>Avo,aspersie,<br>broccoli,brussels-sprouts,bone-groen,babymarrow,blomkool<br>coconut, eiervrug<br>gempampoentjie, greenpepper-ook rooies en geles toegelaat.<br>kool, komkommer,<br>mushrooms<br>slaaiblare, spinasie, spruite, SUURLEMOENE –olywe ***broccoli spruite waardevol om kanker te voorkom<br>tamatie, uie<br>alle groen vars speserye bv tiemie,finkel, seldery, pietersielie<br>wortel – (beperk)<br><br>****as lus is vir patats of aartappel, laai chronometer app af en reken dit in by totale hoev. carbs toelaatbaar per dag = 20 carbs | ****maak Sauerkraut — gefermenteerde groente uitstekend vir normale flora in ingewande dien as probiotika<br><br>***Pietersielie hoogste in phytunutrients van ALLE groengoed<br><br>***probeer groente so ver as moontlik rou eet – 5 koppies per dag sal in al jou nutriente voorsien dan hoef jy nie aanvullings te neem nie<br>*****alle vitamin aanvullings is sinteties – nie van waarde – eet genoeg phytonutriente uit groente<br>****suurlemoensap voorkom Gout en nierstene |

## Waar kan ek betrokke raak:

**Eredienste en Bybelstudie:**
Elna Smit: 071 241 3344
**Jukskei:**
Dorothy Schnuir 082 872 8577
**Veldwagters:**
Johan Botha : 076 332 2773
**Geveerde vriende**:
Johan Cross: 083 709 0227
**Vonkelvroue:**
Alida Knoetze: 082 299 1218
Luanka Fourie; 082 435 2631

**Joga en Pilatus:**
Ansie J van Rensburg: 082 711 4510
**Lyndans(Line dancing) :**
Santie: 074 545 9410
**Canasta:**
Herster Marx: 082 601 3619
Maryna Labuschagne: 072 379 9003
**Opstoppers:**
Johan Botha: 076 332 2773
**Gholfklub:** Gholfkaptein
Phil Hibbert: 082 804 5205
**Biblioteek:**
Werda Kromhout: 082 458 2219

**Heining inspeksie:**
Deon Taljaard : 083 648 0491
**Skilder/kuns -groepe:**
Wanda Underhay: 082 941 5051
**Visvangklub:**
Piet Knoetze 0828835729
**Maandelikse Oggendmark:**
Herster Marx: 082 601 3619
**Sosiale Gholf:**
Patrys Steinmann: 083 459 2262
Stephanie Potgieter: 084 811 5357

# Kranspoort groet 'n jarelange en welbekende Kranspoorter.

(deur Helena Lourens)



Babs Welman, foto in 2008 geneem

*Tannie Babs was 'n geliefde en welbekende inwoner van Kranspoort. Ons het dus vir Helena gevra om as opvolg na die vorige Kranspoorters-profiel, 'n laaste onthou-boodskap oor Tannie Babs vir ons te bring. – Red.*

Ons groet jou Babs Welman – en weet dat jou swaarkry van die afgelope vier jaar, en veral die afgelope jaar, iets van die verlede is. Saam met Cedric neem ons 'n kykie terug en onthou die vreugdes van jou lewe op aarde.

Ek onthou Babs as 'n Vlytige Vonkelvrou wat entoesiasties was oor alles wat die lewe bied. My eerste ondervinding daarvan was my eerste Vlytige Vinger – byeenkoms by Babs. Babs het in hul lapa onder die raasblaarbome, pannekoek met die heerlikste vulsels bedien. Sy was 'n voorslag in die kombuis en lief vir onthaal. Haar dogters vertel dat haar eerste woorde nadat hul elders gekuier het, altyd was: "Wat het julle geëet, Sussie?"

Voordat die Welmans permanent op Kranspoort kom woon het, het Cedric en Babs hul talente en passies uitgeleef in die onderwys. Babs het haar liefde vir toneel en musiek gebruik om opvoerings, operettes en tonele op die planke te bring. Sy het kore afgerig en ingeskryf vir kuns-wedstryde. Veral humoristiese monoloë was gewild.
Babs het ook by verskeie gemeentes as orrelis opgetree.

Blomme rangskik vir skool-of kerkfunksies en troues, was Babs se passie. In Middelburg se Anglikaanse kerk, was Babs deel van 'n wonderlike tradisie tydens Paasfees: Op Goeie Vrydag was daar geen blomme in die kerk nie. Die Saterdag, het elke gemeente-lid wat kon, blomme aangedra en die kerk pragtig versier vir Sondag se vreugde-fees, die Opstanding Sondag.
Op Landbou-skoue het sy pryse weggedra. Die laaste jare, toe sy nie meer beweeglik was nie, was ek getuie van hoe sy vir Cedric presies voorskryf watter staander sy wil gebruik en waar elke blom moet staan. Cedric moes lere en toue gebruik om aan die vereistes te voldoen. Tong in die kies – ons kan gerus onthou dat Cedric nou kan blomme rangskik.

Ook op sportgebied was Babs altyd 'n bok vir sports. Soos Lanie en Andor dit stel: "Ma was altyd ons pa se grootste 'cheerleader'." Sy en Cedric was jarelank deel van die Cycad Voetslaanklub. Sy het 'n voorliefde gehad vir die Drakensberge en 'n sertifikaat by hierdie klub ontvang vir 1000 km afgelê. Baps het Cedric ondersteun in sy marathon-en voetslaan passie. Sy het ook vir jare saam met hom die Kranspoort waterpunt vir die marathon tussen Middelburg en Aventura, gereël en beman."

Op hul staptoere, het hulle lewenslange vriende gemaak. In Babs se laaste immobiele jare, het Bets du Toit urelange Scrabble sessies met Babs gehad. Ook het Lientjies Steenekamp (voordat sy Tasmanie toe verhuis het), gereeld Scrabble oggende met Babs gehou. Skip en Cynthia was ook altyd ondersteunende vriende.

Babs het 'n lewe propvol vreugdes gehad – Sy was bevoorreg in die sin dat sy tot op die einde tuis versorg is deur 'n liefdevolle eggenoot en haar huishulp/vriendin, Sophie. Sy het selfs 'n dierbare haarkapper gehad wat getrou elke Vrydag haar hare versorg het – waarop Babs sou sê: "Oeee, kyk hoe grênd lyk sy nou! Gaan ons bietjie dans vanaand? "

Dit was my buurvrou, Babs.

Deur Elsie Cross

*In die artikel hieronder sal julle lees van wat sekerlik die Geveerde Vriende se grootste droom is: die bou van 'n Voëlskuiling op die plato. Dit is werklik 'n spogprojek, waaraan baie tyd, beplanning en voorbereiding reeds geskenk is. Daar is egter nou so 'n stukkie slegte nuus! Na saktyd van die Bulletin het die nuus ons bereik dat die projek tydelik gestaak is, nadat die Projekbestuurder onttrek het. Die Redaksie het besluit om die artikel te plaas, met die oog op die volgende versoek: Enige Kranspoorter wat kundigheid en ervaring in Projekbestuur het en bereid is om met hierdie keurprojek te help. Kontak asseblief dringend vir Elsie Cross by 083 236 5547 om die rol met haar te bespreek. – Red.*

Kranspoort Geveerde Vriende-artikel (Winter Uitgawe)

"Jamblikke, visblikke 3x3.
Ons is, ons is, weet julle wie?
Ons is, ons is kan julle raai?
Ons is ons is Tinktinkies, haai!!!!"

Die lawwe liedjie bly maal in my kop en vul my met nostalgie. Eendag, lank, lank gelede, was ek ook deel van 'n bende. Ons was drie dogtertjies (daarom die 3 x 3), met 'n bendenaam, - leuse en -liedjie. Ons het mekaar se lief-en-leed gedeel, kattekwaad aangevang en altyd probeer om ander bendes se geheime uit te snuffel. Ons was die "Tinktinkies" en ons leuse "Klein botteltjies, groot gif". Ons bendeliedjie was die einste "Jamblikke, visblikke…"

Vandag, baie jare later, is dit dan ook die tema van hierdie uitgawe van die Kranspoort Bulletin, met die 3 x 3, wat nou 'n kragtige 4 x 4 geword het… wat dan ook perfek aansluit by Kranspoort Geveerde Vriende se opwindende nuwe projek.
+



Kranspoort Owners Committee (KOC/KEK)approved our latest project: to establish a bird hide on the plato – to be more exact – on top of the existing round "klipdammetjie". Plans have been drawn for this exciting project with the main purpose to establish a vulture restaurant. Whilst waiting for the vultures, Kranspoort residents can enjoy the most beautiful view of the whole plato, grazing animals and bird species. On a clear day you will be rewarded with a magnificent view over the Loskop dam valley all the way to Groblersdal. You may have noticed the new gravel road has already been scraped.

Ons beplan 'n natuur- en rolstoelvriendelike skuiling met 'n stappaadjie wat aan weerskante toegemaak word met houtlatte (soortgelyk aan skuilings in die wildtuin). 'n Spoeltoilet met water sal binne die bestaande klipdammetjie aangebring word, en…. en…

Ons droom is groot, maar dit impliseer ook hoë koste-implikasies. Ons is tans besig om kaartjies teen R50 elk te verkoop, met twee uilhuise as pryse. Ons vertrou dat dit ons geldkas gaan aanvul om noodsaaklike aankope te doen. Ons sal ook op 'n latere geleentheid 'n lys van boubenodigdhede verspei met die hoop op skenkings. Kontantskenkings is uiteraard ook baie welkom.

Ons verkoop ook kaartjies teen R50 elk met ‘n uilkas wat gewen kan word. Skakel my gerus om ‘n kaartjie te koop of om ‘n skenking te maak – Elsie Cross @ 083 236 5547. Hoewel dit ‘n voëlklub inisiatief is, is dit ‘n aanwins vir elke Kranspoorter wat die plato gaan besoek.




Intussen nooi ek weer eens enige belangstellendes om Geveerde Vriende Voëlkyk-geleenthede by te woon. Ons beplan ‘n uitstappie na ‘n buurplaas gedurende Augustus / September. Besonderhede sal op die Kranspoort Whatts-App-groepe gekommunikeer word. We are also keen to participate in the Annual National Birding Day on 26 November 2022. Please save this date. How exciting would it be if our official bird count of 230 increases with a new species or two. Usually, we meet at 6.00 at the Kranspoort Picnic Area, part for doing bird watching whereafter we have the bird count and traditional social braai and “kuier” and “kuier” and “kuier”. Final arrangements will be communicated.

Ek hoop elke Kranspoort Bulletin-leser geniet ‘n snoesige winter – hopelik voor ‘n brandende kaggel met ‘n beker stomende sop, geurige melkkos of pannekoek. Winter en kaneel is so sinoniem met mekaar soos vinkel en koljander. Die voëllewe is maar skaars gedurende die winter, maar ek hoor steeds die tarentaal se wekroep so skuins voor ses in die oggend, die lawwe fisante, spookvoëls, swartkopwielewaal en die grootringduif wat sy maat uitnooi met “skuif ‘n bietjie nader” - seker vir ‘n bietjie winterwarmte. Ek het ook ‘n voëtjie hoor fluit dat die kwêvoël gereeld saam met die manne braai op die eerste Woensdag van die maand en hulle uitnooi om te “gooi”…. en die visarend wat vir die vissermanne skreeu “hier is niks vis nie”.

Groete tot volgende keer – Elsie Cross

# Vonkelvroue se kuier met sop en brood (winterkos).

Kranspoort se vroue-kuiergroep, Vonkelvroue, het in Junie weer bymekaargekom. Hierdie keer was dit aan huis van Hester Hattingh. Hester is bekend vir haar sop en tuisgebakte brood en die Junie damestee het weer eens aan alle verwagtings voldoen. Daar word heerlike warm sop en vars brode bedien terwyl daar op die stoep gekekkel, gelag en gekloek word.

Ongeveer 28 dames het vir die geleentheid opgedaag en sommer tot laat die middag gekuier.

Dames wat graag in die toekoms wil saamkuier, is baie welkom. Ons kom elke tweede Woensdag van die maand bymekaar. Skakel asseblief vir Luanka by 082 435 2631 of Alida by 082 299 1218.


Helena Lourens en Erna Ruthvin


Magda van der Linde en Alida Knoetze



Dames kuier op Hester se stoep



Stephanie Potgieter en Sonia van Rensburg

# Kranspoorters is met die maan gepla

13 Julie, sonsondergang. Kranspoorters stroom teen die berg op na die Plato. 67 mense daag op, gepantser met baadjies, stapskoene, flitse en koffie. Hulle kom kyk na die nuwe super-maan.

’n Supermaan is ’n volmaan of donkermaan wat min of meer ooreenstem met die naaste stand van die maan aan die aarde in sy elliptiese wentelbaan. Dit het tot gevolg dat die maan groter as gewoonlik lyk. Terwyl die Maan se oppervlakhelderheid dieselfde bly, is ’n supermaan se helderheid vanweë sy groter grootte tot 30% sterker as normaal.




Die supermaan van 19 Maart 2011 (regs) in vergelyking met die gemiddelde maan van 20 Desember 2010, soos van die Aarde af gesien.



Foto deur: Johan van Zyl




Foto deur: Rita Meintjies




Foto deur: Rita Meintjies

# Die Woemas doen dit weer. (deur Hester Hattingh)


En toe doen die Woema-span dit weer. Die geleentheid het op 20 Mei plaasgevind. Die tema was: Country and Western. Die plek was: Raasblaarsaal. Die drag was: Cowboy, (sonder sy perd!). En die spyskaart was: Boontjiebredie, voorafgegaan deur sop en brood.
Hierdie keer het die Woemas egter al die stoppe uitgetrek.

Na die lang stilte gedurende die inperkingstyd van Covid19, was die Woemas omtrent bedrywig.
By die Raasblaarsaal is die toiletgeriewe opgegradeer, kompleet met nuwe teëls, vloere, deure, spieëls, en geriewe. Dit lyk pragtig! Dankie Woema-span!


Hulle is egter nog nie klaar nie. Fonnie noem, met so skelm glimlaggie, dat hulle nog vele planne in die agtersak het. Hou hierdie span dus dop vir wat kom.



Stefan en Benita Mybrugh



Jan en Elsabé Wilken




Dorothy Schnuir




Lekker kuier en dans




Wynand en Elize Pretorius




Richardt en Edith Gerntscholtz




Johan en Surina Pretorius



Dave en Magda van der Linde



Chris en Tina Nel



Eugene en Santie Venter

# Kranspoort hou Kunsfees en Boeremark

*Op 2 en 3 Julie het die “Kranspoort Art & Craft festival” plaasgevind.*

*Saterdag skop sommer vroegoggend af. Motors met sleepwaens en bakkies volgelaai met ware en toerusting trek by GO 2 se kampterrein in en begin voorberei, Gazebo’s word opgerig, ware word uitgepak, skilderye word gehang. Nege-uur skakel Radio Kragbron hulle luidsprekers aan en feesmusiek verhoog die reeds energieke atmosfeer. Net voor 9:30 begin die eerste gaste opdaag.*

*Dit was twee heerlike kuierdae. Meer as duisend besoekers het die fees besoek. Daar is gekuier, geëet, gespeel, geskilder en gekoop. Die feeskommittee wil graag hulle dank en waardering uitspreek aan die borge, die uitstallers en al die besoekers wat die fees ‘n sukses gemaak het. Sonder julle was daar beslis nie ‘n fees nie.*



**Fees beteken "kuier"**




Jukskei-Laer verkoop pannekoek



Jeanne Tosen by haar uitstalling



Hettie Louwrens, Hester Marx se liewe moeder, wen die prys as oudste besoeker by die fees.



Tinus du Toit van Radio Kragbron agter die mikrofoon



Mike Lumb wys sy fotografie



Wanda wys twee van haar kunswerke



**Daar was 'n wye verskeidenheid** stalletjies



André Lourens bak vetkoek

# Besoekers stap saam met Heining-inspeksiespan.

"Oom Gert, dra my…" klink die huilstemmetjie skielik langs hom. "Ek is moeg….." en dit na net sowat 1 kilometer. Daar lê nog sowat 5 kilometer voor.

"Boeta, jy kan nie by daardie rots afgly nie, jou broek sal dit nie hou nie, loop op die rotslys tot by die paadjie…". Ouma, wat saamloop, hou angstig haar hande voor haar bors vas en hou boetie maar dop waar hy sy lyf aapstert hou.

"Nee wat, hierdie is rowwe terrein, ek loop liewer padlangs". Sy is nie meer so jonk nie en al bietjie rooierig in die gesig.

Die groep van 38 stappers verdeel, die uithalers loop heining langs en die ander volg Anette met die grondpad langs. Berg op tot bo-op die plato, padlangs tot by Klein Loskoppie. "Nee, ons wil nie nou huis toe gaan nie. Dit was nou te lekker vir woorde. Kom ons bly nog so 'n rukkie hier bo." Dit lei toe tot 'n tweede staptog, so paar dae later – kettingleer langs.

Hierdie pretloop het begin toe twee van die heiningspan, Gert en Deon, besluit om 'n ope uitnodiging aan die gemeenskap, kinders en vakansiegangers te rig. "Ons doen Donderdag heininginspeksie. Kom loop saam en sien dele van Kranspoort wat julle nie aldag sal sien nie". 38 mense daag op, van Tannie Lija, wat stof in almal se oë skop, tot 7 jarige boetie, wat die wêreld as sy persoonlike speelplek sien.

"Sal julle dit weer doen?". "O ja, beslis, dit was heerlik en almal het mooi saamgewerk. Volgende skoolvakansie sal ons op die Whatsapp groepe afkondig. Hou maar dop en kom stap saam."



Stappers by Loskoppie piekniekterrein bo-op die plato



Oom Gert gesels met van die kinders en lê die stapreëls neer.





Op met die kettingleer



Al met die voetpad langs



# Sport

Kranspoort
Gholf Klub

## Kranspoort Closed Golf Championship

A gholf course evolves from Kranspoort mashy course.( not easily)

Groep 12, die oorspronklike eienaars van Kranspoort, droom drome om een van ons land se beste gholfbane op Kranspoort te bou. Daar is mos die ideale onbenutte grond naby aan die hoofpad en daar is geen ander gholfbaan naby al die vakansie-oorde in die omgewing nie. Matkovich en Hayes (van die beste Gholfbaan ontwerpers in die land) word genader. Na baie wik en weeg, besprekings en onderhandelinge, word 'n gholfbaan op Kranspoort aangepak.

Die eerste bal vir 'n nege-putjie golfbaan word afgeslaan op 7 Maart 2009. Twee jaar later is die baan steeds in sy kleuterskoene, op wankelrige bene. Reklame moet gedoen word, spelers moet gewerf word, die baan moet ontwikkel word, onkostes moet verhaal word…..Kranspoort is in twee! Hewige debatte vind plaas. Jy is VIR of TEEN die gholfbaan. "Die Gholfbaan gaan Kranspoort op die kaart sit! Ons eiendom se waarde gaan styg! Dit is 'n goeie belegging! Dit kos elke huishouding slegs R60 – R70 per maand!" Versus: "Die gholfbaan sal nie genoeg inkomste invorder om homself te dra nie. Ons eienaars wat nie gholf speel nie, wil niks daarmee te doen hê nie! Die baan gaan ons almal bankrot maak!"

Party Kranspoorters wil sommer die baan verkoop. Aan 'n buitestaander? Vreemdelinge in ons poorte? Party wil die baan omploeg en rehabiliteer. Maar wat nou van die erwe wat reeds verkoop is met die belofte dat dit op 'n gholfbaan sal wees? Wat van al die geld wat reeds spandeer is? Die grootste uitgawe om die baan te bou is reeds betaal deur groep 12. Ons kry die gholfbaan verniet! Daar word op 'n algemene vergadering besluit om wel voort te gaan met die projek. Onder Chris Green stoei en steier die gholfbaan om op sy bene te kom. 'n Paar gholfbestuurders na Chris, help ook om die proses te bevorder.

Today we can proudly say: "Kranspoort is on the map!" From a financial perspective, we can honestly say that we are succeeding. The Golf Club is standing on its own sturdy legs.
It was indeed a good investment. Currently, the estimated value addition of properties is 20 percent. All original stands in Kranspoort have been sold. At the time about a million Rand was spent on the construction of ONE green! Close to nine million for the course. Today it is worth more than twenty million. It seems we made the right decision in the past. The Loskop valley benefits from our golf course. Our members are from Kranspoort, the valley, local towns and even from Gauteng. Especially during holidays many families spend time here.



The success of the golf-club investment, is due to excellent management. What does good management require? The manager of the golf club needs to be on the premises 6 days a week. He organizes the personnel at the club and on the golf course and he constantly provides assistance to personnel and guests. Furthermore, he is in charge of the maintenance of the club, the golf course, golf carts and equipment. Accounting and management of finances is a main responsibility. Lastly, marketing is of utmost importance to draw regular visitors and clients. Therefore, tournaments and social events often need to be organized. The musical talent

# Kranspoort Vakansiedorp


## Sleutel tot kaart aanwysings

| | |
|---|---|
| Hoofgeboue | 6 |
| Plekke van belang | a |
| 4x4 roetes | |
| Wildroetes | |
| Staproetes | |
| Dorpstrate groepname | Bokke |


## Kranspoort Hoofgeboue

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1. Hoofhek** |  | **8. Munisipale huishoudelike vullishouers.** |  |
| **2. Administrasiegebou** |  | **9. Jukskeibane** |  |
| **3. Gholfklub en restaurant** |  | **10. Raasblaarsaal** |  |
| **4. Stigtings-gedenksteen** |  | **11. Piekniekterrein** |  |
| **5. Visvangplek** |  | **12. Kareetenks** |  |
| **6. Werkswinkel** |  | **13 Wildsuiping** |  |
| **7. Waterwerke** |  | **14. Vodacom-toring en watertenk** |  |


Limpopohoek - Oos
68
80
87
89
104
Limpopohoek - Noord
111
Brandberg wildroete
Ystervarkkloof
Langkloof
Gemsbokhoogte
plante
Aasvoëlkop
Vaalkop
Laventelboomwoud
114
Plato
54
13
Bome
Kiepersolkloof
Kettingleer
12
Voëls
Luiperdskloof
120
Jopie-se-pos wildroete
49
KRANSPOORT DORP
Langberg
Bokke


Visse
wildebeesvlakte
k
7
6
8
9
10
11
a
Kosie se pad
13
j
42
N11
Helshoogte
Olofberg
Toringtenkrif
n
20
27
38
Rooi-ivoorwoud (bankies)
m
Kranspoortdam
16
Dan se brug
5
Kranspoort Golf Club
Diere
140
Kranspoort
Holiday
Resort
Japie Snyders se plaas
2
4
3
1
169
9
Go 2 Chalets
Go-To Restaurant
Loskopdam
N11
© 2021 Micr

## Kranspoort plekke van belangstelling/ aantreklikhede

| | | | |
|---|---|---|---|
| **a Tambotiebos** |  | **h. Jopie-se-pos** |  |
| **b. Wildvoerplek (Plato)** |  | **i. Piekniekplek by Jopie-se-pos.** |  |
| **c. Loskoppie - Plato Piekniekplek** |  | **j. Gruisgat** . |  |
| **d. Droë dam** |  | **k. Francois van Eeden-wildboma** |  |
| **e. Plato Uitkykplek** |  | **l. Luislangdam.** |  |
| **f. Vaalkop uitkykplek (Kruis) - Bankie** |  | **m. Cedric Welman se uitkyk** |  |
| **g. Voëlskuiling** |  | **n. Toring-tenk (uitkykplek)** |  |

and skills of our Golf Club manager at such occasions, is a bonus! We sincerely congratulate you, Philip Hibbert, on all your achievements regarding our Golf Club!
Die bou van 'n nuwe kombuis was 'n welkome en noodsaaklike toevoeging vir die gholfklub. Vanaf Junie 2021 bedryf Adri die Le Shack by die klub. Haar planne het uitgebrei en op 15 Julie 2022 verander Le Shack in Andy Capp Café! – Nie alleen 'n halfweghuis vir die gholfers nie, maar Vrydagaande is daar kookkos op die spyskaart! Sondae buffet etes is ook in die pyplyn. Ons sien uit, Adri!
Ons baan is tans in 'n goeie toestand. Die baan bied ook 'n fantasties geleentheid aan beginners (Dinsdae en Donderdae is "sosiale-klub-dag"). Die aansluitingsfooi is R500 – Dan kan jy ook saam met ander lede Vrydagmiddae "Sundowner" speel. Kranspoort Gholfklub nooi julle hartlik uit om deel te wees van geleenthede by ons unieke, pragtige gholfbaan!

# Jukskei

saamgestel deur Elsabé Strydom

Tans is dit stil by Kranspoort Jukskei Laer, enkele lede kom bymekaar om bietjie saam te speel. Dit is wintervakansie en baie van die lede het warmer dele van ons land gaan opsoek en die liga begin eers weer later vanjaar. Maar kom ons gesels sommer oor Jukskei – die spel:

Die spel bestaan uit die gooi van 'n SKEI, oor 'n VASGESTELDE AFSTAND, in die rigting van die PEN, wat in die SANDPUT geplaas word.
Die begin van Jukskei kan volgens oorlewering teruggevoer word na ongeveer 1734, toe Goewerneur Jan de la Fontaine die Fort de Rietvallei aan die Buffelsjagrivier gestig het. Die doel van die Fort was om brand- en timmerhout aan die kasteel te verskaf. Die dragonders, wat die fort beman het, het egter rusteloos en verveeld geraak in die ongerepte natuur en 'n spel begin speel. Hulle het met houtstompe na 'n voorwerp in die grond gegooi. Dit was 'n speletjie om die ledige ure te vul.

Die spel het gewild word omdat die transportryers by die groot uitspanplekke jukskei tot georganiseerde spel ontwikkel het. Die eerste amptelike wedstryd vind op 4 November 1939 op Keerweder (Klein Drakenstein) plaas . Op 3 Maart 1940 speel die Oos Kaap en die Vrystaat hul eerste inter-provinsiale wedstryd. Die spel het hierna ontwikkel in 'n volwaardige sportsoort nadat die SAJR op 25 Oktober 1940 tot stand gekom het.
Die naam is afkomstig van die oorspronklike voorwep waarmee die sport aanvanklik beoefen is, naamlik die skei wat uit die juk wat op die osse se nekke gerus het.
Bron: Jukskei SA webblad
Daar word elke Dinsdag en Donderdag geoefen om 4.30 en nuwe lede is baie welkom. Belangstellendes kan Dorothy Schnuir (sekretaresse) kontak by 082 872 8577.



Tshipise nuus:

Gisteraand gala-aand en afsluiting gehad. Na 7 weke se spel en 6 borgdae het die paar Kpoorters kop en skouers uitgestaan.

Behalwe vir verskeie pryse op borgdae, is die volgende trofiëe/ pryse verower:

Frans: maand staanplek op Tshipise;

Johan & Rentia: pare wenners;
Frans & Christine 2de;
Johan & Hannetjie 3de;


Behalwe vir verskeie pryse op borgdae, is die volgende trofiëe/ pryse verower:

Frans: maand staanplek op Tshipise;

Johan & Rentia: pare wenners;
Frans & Christine 2de;
Johan & Hannetjie 3de;

Wenners dubbels:
Johan B & maat;

Spelerskeusetrofië:
Johan B,
Algeheel, 2de;
Frans 3de.

Koopbewyse:
Rentia
Christine
Johan S.

Kranspoort langkampers blink uit in Tshipise







# Hengelklub (deur Piet Knoetze)

Omtrent ‘n jaar gelede het Piet Knoetze,Tok van Schalkwyk en Piet Valks plus n paar ander manne, koppe bymekaar gesit rakende die bestaan van die Hengelklub. Hengel in Kranspoort het begin doodloop en die klub se fut was uit.

Voorstelle is ingedien vir ‘n nuwe formaat vir ‘n sosiale hengelklub en goedgekeur.
Onmiddelik is weggespring om verbeterings aan die bestaande hengel areas aan te bring.
‘n Nuwe hengel area is aangewys en ingerig. Die ou area is opgegradeer en spog selfs met ‘n spilternuwe dakkie. Geesdriftig gesels die manne steeds oor al die planne wat hulle het om hengel as gewilde sport in Kranspoort terug te bring. Hulle doel is om die sport bekostigbaar en maklik toeganklik te maak, en goed toegeruste hengelareas aan te bied.

Die primêre doel van die klub is om die hengel area meer toeganklik vir hengelaars in Kranspoort te maak. Goeie hengelspasie is min en nie maklik bereikbaar nie.

Die klublede wil graag langs hierdie roete hulle borge bedank vir mildelike bydraes wat al die verbeterings moontlik gemaak het.

Die verskillende visspesies wat in ons dam en rivier aangetref word, vind ons die kurperspesie wat inheems tot Suid Afrika is. Vis wat taamlik volop is , is swartbaar, babers en karpe in die dam. Ons kan ‘n paar geelvisse ook aantref , veral in die rivier. Daar is ook palings, makriele, papierbekke en moddervisse.

‘n Baie interessante feit wat Andre van Natuurbewaring onder ons aandag gebring het, is dat die dolfynvis (ook bekend as die olifantsneusvis) en dwerg tiervis (5-6 cm lank) ook hier voorkom . Dit is drie jaar terug ontdek.

Ongelukkig sit ons met n probleem met die varswaterskilpaaie waaraan ons ongelukkig niks kan doen nie. Dit is ‘n beskermde spesie. Hengelaars verloor dikwels hoeke en lyne a.g.v. die skilpaaie.

Ons standaard klub-beginsel is “Catch and Release”, maar as iemand n paar kleiner Swartbaars vang , is hy welkom om dit te gaan gaarmaak. Hier is alreeds 58 manne met permitte. Uitreiking van permitte kos R200,00 per jaar per huishouding en kan by die Kranspoort Administrasiekantoor verkry word.

Die hengelklub is n onafhanklike klub wat ook daarna streef om van Kranspoort n beter plek te maak deur die omgewing te bewaar en fasiliteite uit te brei sodat meer Kranspoorters dit kan geniet. Naweke is die visvangplekke baie gewild. Die klub streef daarna om met Natuurbewaring saam te werk en getalle dop te hou. Aanwas van visspesies of vermindering word gemonitor. Enigiemand wat meer inligting wil hê of betrokke wil raak, kan gerus met Piet Knoetze kontak maak by 0828835729.

In die volgende uitgawe sal ons meer tyd aan visvangtegnieke spandeer. Hou dus hierdie spasie dop.

Daarmee sê Piet Knoetze soos Zandberg Jansen: “Nag ou Grote”.



# Kampvuurstories

## ‘n STUKKIE GESKIEDENIS VAN DIE OMGEWING – deur Johan Kruger

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) was Roland Schikkerling ‘n manskap verbonde aan die kommando van Generaal Ben Viljoen. Generaal Viljoen het gedurende die guerrilla-fase van die oorlog die bevel gevoer in die destydse Oos-Transvaal. Schikkerling het dagboek gehou van die wel en wee van die kommando. Die kommando het, onder andere, die Olifantsrivier by Wagendrif (naby die huidige damwal van die Loskopdam) op 27 April 1901 van suid na noord oorgesteek en in die omgewing gekamp. In sy dagboek vermeld Schikkerling voorts dat in die nabygeleë klowe en skeure “verskeie trekboere snoesig versteek is in bosryke klofies.”

Op 28 April 1901 trek die kommando verder ooswaarts en gaan verby ‘n plaas waar daar, volgens Schikkerling se dagboek, “bamboesriete” staan. “Die plaas behoort aan ene juffrou Viljoen, ‘n weeskind wat haar op die oomblik in Pretoria bevind.”

Op die toegangspad van die bekende Waterfall Safari Lodge (suid van die N11, min of meer oorkant Kranspoort se hek), net waar die paadjie skerp en “blind” na links draai en ‘n dammetjie aan die regterkant sigbaar is, staan die bamboesbos steeds in al sy glorie. My pa en sy broers het die gedeeltetjie van die plaas Rietvallei waar ons vandag steeds woon, in 1958 gekoop. As kinders van die Hoëveld het ons die omgewing dadelik, en nuuskierig, gaan verken: soveel bosse en bome het ons in ons dag des lewens nog nie gesien nie, laat staan nog te voet aangedurf! My eerste herinnering, vir die eerste keer op pad na die kloof agter die berg, was aan die bamboesbos waaraan ek my verwonder het. Min het ek toe besef ons betree grond waar ‘n Boerekommando ook 57 jaar vantevore was.

Schikkerling vertel ook dat baie Hoëveldse boere ‘n sogenaamde “wintertuin” in die Bosveld besit het. Hy skryf: “’n Wintertuin is eintlik ‘n Bosveldhuis. As die ryp begin val, trek die boer met sy gesin en vee na die warmer Bosveld waar sy vrugte besig is om ryp te word. Hier in die boswêreld bring hy ‘n paar wintermaande deur sonder dat hy eintlik wolke sien. Die vee ken die trekseisoen so goed dat hulle self die tog sal aanpak as die boer te lank sloer!” Ons Krugers was Hoëvelders. Soos talle ander Hoëvelders voor ons, het ons ook probeer om die ergste winterkoue te ontsnap (al was dit net vir ‘n naweek of ‘n kort vakansie) en hier by “Loskop” te kom kuier.

Tydens die bou van die Loskopdam se wal (gedurende die dertigerjare) was malaria steeds ‘n groot probleem in hierdie omgewing. Die kliphuisie wat die Krugers in 1958 gekoop het, het slegs op een morg grond gestaan. Die eienaar wat die stukkie grond aanvanklik, in 1938 gekoop het, word in die titelakte aangedui as “MIRIAM PHOEBE DE VILLIERS, meerderjarige jongedogter”. Sy was, inderdaad, een van die eerste Afrikaanse vroue wat haar as ‘n mediese praktisyn bekwaam het.

Sy het aanvanklik haar mediese praktyk slegs in die kliphuisie bedryf maar spoedig ‘n “kliniek,” gebou van steen, agter aan die kliphuis aangebou. Mens kan jou voorstel hoeveel pasiënte, ylend aan malariakoors, in daardie twee kamertjies gelê het en deur Dokter Miriam de Villiers daar versorg is – amper ‘n tweede Emily Hobhouse.

In die tyd toe ons as kinders, en selfs as jongmense, hier by Loskop kom uitspan het, was die telefoonoproepe nog via handsentrales gedoen. Dan het ‘n mens die sentrale by Damwal gebel en die persoon aan diens gevra vir die nommer wat jy wil hê. So is jy dan deurgeskakel. Die telefoonlyne was natuurlik nog fisiese lyne wat al langs die pad gespan was. Die “telefoonlyn” het reg voor ons kliphuis op Rietvallei verbygeloop, want dit was waar die pad tussen Middelburg en Groblersdal vroeër geloop het: wat tans die ingang na “Komarin” is, was toe die grootpad! Dit was natuurlik ‘n grondpad wat, onder andere, oor die laagwaterbrug wat Kranspoorters tans oor die Kranspoortspruit neem, geloop het.

Destyds was die eienaar van die plaas waar Waterfall Safari Lodge tans is, ‘n bekende sakeman van Middelburg met die interessante naam Wachtendonk Minnaar. Hy het die plaas bloot as weiding vir ‘n klompie beeste gebruik. Van grensdrade was daar nie juis sprake nie en vir ons klompie Krugertjies was die kloof op pad na die waterval, ons gunsteling speelplek waar ons na hartelus ons verbeelding vrye teuels kon gee. Ons het weliswaar nou en dan luiperdspore teengekom en gelukkig nooit ‘n mamba trompop geloop nie, maar niks kon ons keer om die kloof as ons eie paradys te beskou nie.

Ons woon inderdaad in ‘n omgewing ryk aan ‘n baie interessante geskiedenis.

Johan Kruger
“Komarin”

## Kwêvoël (met sy tong in die kies)

Saamgestel deur die Kwêvoël



Kan julle dit nou glo? Die groot voël wat nie kan vlieg nie lê mos nou die dag 'n yslike eier reg langs 'n huis daar by die plek waar die twee beniges met sulke snaakse stokke heeldag loop en soek na sulke klein wit eiertjies. My groot sussie wys toe vir hulle hoe lyk 'n ordentlike eier en seker ook gedink om so bietjie kos terug te gee aan die mense wat vir hulle so lekker vet voer.

Ek lag te heerlik in my vlerk want ek hoor iemand het in sy eie boom vasgery in die straat wat die naam het van my swart boetie voëls wat vreeslik kan raas. En dit nadat twee kuiermense ook in dieselfde boom vasgery het!

Die omie wat so stap is so waar as vet na die droë land hier noord van ons om baie ver met sy eie twee voete te loop. En dit nadat die dokter gesê het hy mag nie want sy knie is nog nie gesond nie. Toe vat hy nogal 'n donkerkopvrou van onse mooie dorpie ook saam.... Dalk stap hulle nou omdat die vierwiel gedoentes nie meer kan ry nie want hulle drinkgoed is baie duur!

Nou die dag sien ek hier is so 'n mooie vrou wie se oge baie blink. Amper net so veel soos die nuwe blink klip aan haar vinger.

'n Ander omie het glo nou die dag die rooi en wit ding by die toegangshek morsaf gery! Hy gaan toe na die oogdokter vir 'n operasie of twee. Seker om beter te kan sien, my kind!

Julle weet mos hier is mense wat elke winter met hulle blikhuisies na die warmer wêreld verhuis. Gelukkig het 'n klompie van hulle weer teruggekom. Hulle migreer mos soos ons swaeltjies....intussen was hier 'n inval van sulke klein mensies in ons dorpie. Sjoe maar hulle kan raas, roep net die hele tyd "Ouma wat kan ons eet, ons is honger!" Die oumas het gekook en gebak en trane afgedroog en geraas en einas gesond gesoen. En wanneer die klompie weer moet hok toe gaan, is die oupas en oumas poegaai!

Ek hoor hier is iemand wat raas gekry het omdat hy of sy te vinnig gery het daar by die gholfbaan. En daardie iemand is glo 'n wetsgehoorsame burger....tjirp tjirp

Intussen sit die mensekinders kort kort in die donker. Party het sulke raserige goed wat hulle dan aanskakel. Geen voël kan dan 'n oog toemaak nie...

Julle weet mos die manne kuier een maal 'n maand saam. Jong, hulle vang snaakse goed aan! Hulle het so ‘n kontrepsie waarop hulle sulke bruin poeier gooi. Dan slaan een met so ‘n hamertjie terwyl die mensekinders een vir een aan vlakvarktande (verbeel jou) moet vashou. Ons moet dan koes vir 'n vale want so 'n genies en geproes het ons nog nooit gehoor nie!! Ek dink hulle noem dit 'n snuifkanon of so iets.

Julle moet pasop! Ek hou julle dop!

# Have a little fun!

## Sudoku

Complete the sudoku by filling in the numbers 1-9, without repeating any numbers within a row, column or square

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 7 | | | 6 | | | |
| 6 | 5 | 3 | 1 | | 4 | | | |
| 8 | | | | | 2 | | | |
| | | | 6 | | | | | |
| | 3 | | | | 5 | 4 | 1 | |
| | 1 | | | | | | 9 | |
| | | | 7 | | | | 2 | |
| | | 8 | | 2 | | 1 | | 9 |
| | | 5 | | | | 8 | 4 | |

Sollutions on page 28

## Crack the code

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | 5 | 2 | One number is correct and well placed |
| 5 | 4 | 0 | Nothing is correct |
| 1 | 4 | 6 | Two numbers are correct but placed incorrectly |
| 9 | 2 | 0 | One number is correct but placed incorrectly |
| 7 | 3 | 1 | One number is correct but placed incorrectly |

| Code | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

# Etiese gedrag op sosiale media (vervolg)

1. Vermy ras gedrewe praatjies. Ons het almal al gesien hoe verkeerde uitlatings jouself en jou gemeenskap in die sop kan laat beland. Boonop floreer die media op sulke voorvalle. In sommige gevalle word dit die wêreld ingestuur en probeer mense se opinie beïnvloed.
2. Die verkeerde plasing op sosiale media kan jou reputasie onherstelbare skade veroorsaak. Dit is wys om nooit ‘n plasing tydens woede of hartseer te doen nie. Onthou, enige persoon wat die boodskap aanstuur of selfs net ‘n plasing “like” word ook as skuldig beskou. Enigeen in die ketting van die plasing van onwettige, immorele of ongrondwetlike inhoud kan verantwoordelik gehou word. Sou Kranspoort geen stappe neem nie, kan dit dus regtens aanvaar word dat die plasing ondersteun word.
3. Stig ‘n privaat groep vir onderwerpe oor geloof. Moet dit nie op algemene groepe deel nie.
4. Verifieer enige nuus voordat dit verder aangestuur word. Dit is baie maklik, besoek enige groot nuus webwerf, byvoordbeeld Netwerk24 of News24. As die nuus akkuraat is, sal dit ook daar verskyn. Indien dit nie daar voorkom nie, moet dit as moontlike fopnuus beskou word.
5. Verskeie tydskrifte en koerante verskyn deesdae aanlyn en word van mense verwag om daarvoor te betaal. Om dit verder gratis te versprei is nie net oneties nie, maar ook onwettig.
6. Toon altyd respek teenoor medelede van groepe en let op taalgebruik.
7. Vermy onnodige kommentaar en emoji’s. Sommige van ons groepe bevat 300+ lede. Neem in ag dat almal daardie plasing lees. Veral ons Advertensie groepe, nie almal stel belang in koper en verkoper onderhandelings oor items wat geadverteer word nie. Groepe wat onnodig besig is, het tot gevolg dat mense dit verlaat en ons wil dit ook nie hê nie.
8. Tans het die administrateur van Whatsapp groepe nie die vermoë om plasings te verwyder nie. Dit word in toekomstige Whatsapp opdaterings beplan, maar tot tyd en wyl dit gebeur, het ons almal se samewerking nodig.

Voorstelle oor hoe ons, ons groepe beter kan bestuur en beheer is altyd welkom.

# Pitkos vir die siel (deur Helena Lourens)

Jamblikke,Visblikke,4x4!
Weet julle,weet julle,wie is hier?
KRANSPOORT!!!

Wat is die “jam” van woon hier op Kranspoort?
Wat is die konfyt wat jou stukkie brood in ‘n lekkerny verander?

Die lewe hier is presies wat die dokter voorskryf:
Vars lug! Genoeg oefening! Doen iets waarvan jy hou!

Dis net met die “eet gesonde kos” waarmee ons ‘n bietjie sukkel.
Die res is hier beskikbaar en dit is regtig jou eie skuld as jy nie die ‘jam” van die lewe hier op Kranspoort proe nie.

Of jy nou onder in die dal woon ,in ‘n huisie knus tussen die bome… en of jy hoog teen die berg woon met ‘n wye uitsig oor die bome en berglandskap … of jy in ‘n rolstoel is … of in die bed met die vensters wyd oop…die vars lug asem ons hier in die Bosveld in.

Vir oefening is daar ruim geleentheid. Ons gholfbaan en jukskeiklub is baie gewild—as oefening EN as sosiale klub. Stap is vir ‘n ieder en ‘n elk, ongeag jou ouderdom of die spoed waarteen jy loop. Of jy nou stap vir oefening ,of vir die sosiale ontmoetings langs die pad, of om die natuur te ervaar, stap is hoogs aan te bevele!
As oefening nie iets is wat jy meer kan doen nie, is die “doen iets waarvan jy hou’’ nog altyd daar. Die wonder van aftrede is dat jy nog nuwe talente en stokperdjies kan ontdek. Hier is ‘n hele paar skilders op Kranspoort wat na aftrede ontdek het hulle KAN. Fotograwe kry gulde geleentheid met ons natuurlewe hier. Leer kitaar speel, sing, skryf , legkaart bou, brei en hekel, kook, bak en brou, braai, kuier en lag ! Alles waarvoor jy vroeër nie tyd kon vind nie.

Ervaar die wintersonnetjie wat in ligstrepe deur die raasblare tot op die stoep val. Vou jou hande om die warm beker en asem die geur van vars koffie in. Stel jou gehoorapparaat ‘n bietjie hoër en luister na die geluide van die Bos. Skakel die televisie nuus af…. en tel jou seëninge elke dag…

# Have a little fun! Solutions

## Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 7 | 8 | 9 | 6 | 3 | 5 | 4 |
| 6 | 5 | 3 | 1 | 7 | 4 | 9 | 8 | 2 |
| 8 | 4 | 9 | 3 | 5 | 2 | 7 | 6 | 1 |
| 7 | 8 | 4 | 6 | 1 | 9 | 2 | 3 | 5 |
| 9 | 3 | 6 | 2 | 8 | 5 | 4 | 1 | 7 |
| 5 | 1 | 2 | 4 | 3 | 7 | 6 | 9 | 8 |
| 3 | 9 | 1 | 7 | 4 | 8 | 5 | 2 | 6 |
| 4 | 6 | 8 | 5 | 2 | 3 | 1 | 7 | 9 |
| 2 | 7 | 5 | 9 | 6 | 1 | 8 | 4 | 3 |

## Crack the code

| Code | | | |
|---|---|---|---|
| | 6 | 1 | 2 |

# Winterkos (deur Ena Pilodia)

Wintertyd is “lekker-eet”-tyd, soos ek gewoond was in my kinderdae- die dae voor elektrisiteit. Dis koolstoof-tyd, in die kombuis, rondom die stoof wat die hele huis warm maak.
Daar’s net niks lekkerder as warm, ryk kosse in die winter om die bloed vinniger te laat loop nie. Winterkos is ook kuierkos. Dink maar aan ‘n groot pot hoenderkerrie op die eg Kaaps-maleise manier voorberei of lamsbredie so reg uit ouma se boerekombuis.
Wintertyd laat my ook aan melkkos dink (hoeveel van vandag se jeug weet regtig wat is melkkos?) Dis heerlik. Net soos tradisionele boontjiesop met spek (moenie dit vergeet nie!) of pannekoek of plaatkoekies – sommer so direk op die koolstoof. Wat is dan nou lekkerder as plaatkoekies op ‘n koue wintersaand of -middag (of ontbyt) met tuisgemaakte konfyt nie? Ai, hoe verlang ek nou terug na wintertyd op die plaas voor die koolstoof in die kombuis. Dit was kwaliteit familie tyd!!
Deesdae braai ons in die somer, maar in die winter maak ons ‘n “pot” Dit spruit ook uit die vroeëre jare waar ‘n lekker rooivleisie met groente en aartappels en ‘n goeie skuit rooiwyn opgedien was met pap of stampmielies. En altyd ‘n ietsie met ‘n bietjie room. Of dit nou ‘n bykos of ‘n romerige nagereg was.
Winterkos is kuierkos, warm-maakkos. Ek dink dit is hoekom winterkosse so “Ryk en Lekker” is, amper soos Jan Spies se Cremora?

Ek groet julle, Ena.



**Winter-boontjie sop!**
1 pakkie gemengde sopbone oornag gele in water
2x uie
2 pakke gesnipperde spek
1 oxo hoenderblokkie
2 pakkies wit uie sop
500g sopvleis witpeper.
Metode:
Braai uie en spek tot sag, gooi saam boontjies, oxo blokkie en witpeper in genoeg water, laat heeldag staan as j kan simmer, kook intussen jou sopvleis apart tot sag. So halfuur voor sop opdien gooi sopvleis en wit uie sop saam boontjie mengsel



**Eenbak ham/spek en Eier gereg**

8 Eiers
½ na 3/4 koppie room of melk (of helfte helfte)
1 koppie gerasperde cheddarkaas
1 koppie fyngekapte ham blokkies of gebraaide spek
¼ koppie fyngekapte groen soetrissie- gebruik rooi geel en groen
¼ koppie fyngekapte uie
In ‘n groot bak, klits die eiers en room. Roer die kaas, ham, soetrissie en ui by. Gooi in ‘n gesmeerde 20cm vierkantige bak.
Bak by 200° C vir 25 minute of tot goudbruin




**Heerlike Kerriehoender**

BESTANDDELE
1 heel hoender
1 ui
30 ml olie
2 knoffelhuisies
4 aartappels
1 hoenderekstrakblokkie of 10 ml poeierhoenderekstrak
750 ml warmwater
2 lourierblare
60 ml kerrie
60 ml appelkooskonfyt
60ml asyn
60 ml suiker
30 ml borrie
sout en peper na smaak
Ek het n heel hoender geneem en opgesny in porsies. Dit hoef nie presies gedoen te word nie. Anders koop jy klaar hoenderporsies by jou winkel.
Sny jou ui in ringe en braai in olie tot glaserig. Braai nou jou fyngekapte knoffel saam met die ui. Sit jou hoender by en braai die hoender bietjie bruin.
Skil die aartappels en sny dit in kwarte. Sit dit by jou hoender in die pot.
In n mengbak los jou hoenderekstrak in die warmwater op.
Gooi nou al die res van die bestandele in die mengbak by die hoenderekstrak.
Gooi dit oor die vleis in die pot en laat dit prut vir om en by 60 minute – dit behoort nou los van die been en lekker gaar te wees.
Om die kerriesous in jou pot te verdik. Roer 10 ml mazina in 80 ml koue water tot dit n pasta vorm. Roer dit deur jou kerriehoender en laat dit prut vir 10 minute.


# Foto-gallery : Fotokompetisie deelnemers foto's



Adriaan Meintjies




Adriaan Meintjies



Benita Myburgh




Benita Myburgh




Edith Gerntholtz





John Pretorius



Edith Gerntholtz



Hannetjie Kritzinger




Renier Loubser



Helena Lourens



Hannetjie Kritzinger




Piet Groenewalt




Helena Lourens




Valda Schafer



Hannetjie Kritzinger



John Pretorius



Valda Schafer



Valda Schafer



Suyen Joubert



John Pretorius




Tienie Swart




Teresa Wilken




Teresa Wilken



Teresa Wilken



Alwyn Kruger



Anzette Viljoen


**Beoordeling**

'n Paneel van drie lede het deelgeneem.

Foto's is sonder identifisering van foto-grawe beoordeel. Die volgende kriteria is in ag geneem:

1. Voldoening aan tema en kreatiwiteit
2. Fotografiese waarde: Komposisie, helderheid van foto en kleur.
3. Kykerswaarde


Die volgende kompetisie sal in Augustus aangekondig word.




Alwyn Kruger



Alwyn Kruger



Benita Myburgh



Renier Louser

**Kranspoort Bulletin Redaksie**

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 0829415051

Verslaggewers:
Elsabé Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Helena Lourens – 084 580 6277

Proeflesers
Erna Ruthvin
Johan Botha

**Advertensie tariewe**

Beskikbare groottes:

¼ A4 bladsy – R100
½ A4 bladsy – R200
Volblad – R400

Kontakpersoon:
Wanda Underhay - 0829415051




# Bioway Multi insect & Dustmite killer




*Kranspoorters,*

*Teen die tyd weet meeste van julle al van BIOWAY MULTI INSECT AND DUSTMITE KILLER. Hier is meer inligting daaroor:*

Dis ‘n produk wat GEEN gif bevat wat diere of voëls of mense kan skade aandoen nie, gebruik selfs op plante en jouself ook. Dis langwerkend: nuwe gebruikers spuit dit 1 x pw vir 3 weke na mekaar, daarna is dit eers weer nodig 3-4 maande later. Produk trek in oppervlaktes in soos bv teëlvloere en bly aktief selfs na vloere gewas is. Gebruik op klere in kaste, beddegoed, stoffering, matrasse, matte, gordyne en selfs in koskaste. Dis die enigste produk wat stofmyt doodmaak wat vir sinus en asma verantwoordelik is. Karoo skaapboere gebruik dit op hul skape wat brandsiek kry agv myte. Produk is reukloos en vlek nie materiale of meubels nie. Na die reën en hittegolwe gaan ons nou behoorlik las hê met insekte, so julle is welkom om my te kontak as julle belangstel om aan te koop.

Ansie van Rensburg - Elandsingel 358




Kranspoort dames!

Kom sluit gerus by ons oefenklas aan, Dinsdae en Donderdae in Raasblaar saal. Wintertyd 9:00 - 10:00. Slegs R200 pm vooruitbetaalbaar voor die 7e van elke maand. Ons het n wye verskeidenheid oefeninge, bv Joga, Kallenetics, Pilatus, balle, gewiggies, stokke en rekke. Geen vervelige klas nie! Alle ouderdomme en groottes is welkom. Groete Ansie van Rensburg


Cheers
Windpomp
Drankwinkel
Net oorkant die straat
Willemien Amador
084 583 9333
Besigheidsure:
Maandag tot Vrydag : 06:00 - 18:00
Saterdag : 06:00 – 17:00
Sondag : 08:00 – 13:00


FOURIE BOU EN
ONDERHOUD (PTY) LTD
CIPC Reg: 2019/199398/07
Kobus Fourie
079 500 1741


PENTAGON
SECURITY CONSULTANTS
SLEEP SOUNDLY
WHILE WE STAND
GUARD.
WE SUPPLY AND INSTALL ALARM SYSTEMS, CCTV
ALARM MONITORING AND RESPONSE
CALL US AND BOOK A OBLIGATION FREE APOINTMENT
CALL :
LEONARDUS VAN VREDEN
072-868-6519


Scan vir adres en meer inligting
go-2 Venues
FOR EVENTFULL MEMORIES
082 888 5341
www.go2venues.co.za
go-2@mweb.co.za
go-2 Steakhouse
GOOD FOOD - GOOD FUN - GOOD VIBES
Familie Restaurant
• Top restaurant
• Heerlike disse
• Gereelde live shows
• Kroeg
• Kinders welkom
• Veilige speel parkie
• Skoon badkamers
• Plaas winkel
• Ope Lug dek
go-2 Beach House
A FUN BEACH - IN YOUR REACH
Idiaal Vir:
• Spanbou
• Herdenkings
• Familie samekomste
• Herdenkings
• Jaareind funksies
• Verjaarsdae
• Bachelors & bachelorettes
go-2 Chalets
GREAT STAYS • AFFORDABLE • COZY CHALETS
Akkommodasie
• Twee en vier slaapeenhede
• 9 selfsorg Chalets
• Iugreeling
• Tent & Kampeerterrein
• Swembad
• Ablusie geriewe
• Woonwa-Terrein
• Braaigeriewe
Oop 6 dae per week - Maandae gesluit
09H00 TOT LAAT - BIKERS WELKOM
RUSTIGE ATMOSFEER • GROOT PARKEER AREA • TUISNYWERHEID • SWEMBADDENS & SPRINGKASTELE


Die Bossalon
Kom doen jou hare in die natuur, geniet terselfdertyd 'n perkuleer koffie in Bossalon blikbekers en ietsie ligs om te eet.
Nuutste haartegnieke soos byvoorbeeld 'oil slick hair' soos op foto.
Die Bossalon is oop op Woensdae Donderdae en Saterdae. Dinsdae en Vrydae is ek in Middelburg, jy is ook welkom as jy op daardie dae in die dorp is om my ook daar te besoek.
Annie Venter
0798914666


'n Boer is nie net goed in sy werk nie,
HY IS UITSTEKEND IN SY VELD
Gauteng - Limpopo - Noord Wes - Mpumalanga
Ons bekwame span sal enige elektriese projek beplan, bestuur en uitvoer. Kragopwekkers en sonkrag installasies.
Ons bied brand voorkoming & opsporingstelsels aan met die nuutste kommersiële produkte.
By ons word u gewaarborg vir die mees professionele en doeltreffende sekuriteitsdienste.
Multi-Tech
Electrical Fire Security
087 170 0642 of 072 347 3187
admin@mtsecurity.co.za | www.mtsecurity.co.za

# DIE VOLGENDE DIENSTE IS OOK BESKIKBAAR

- STUUR KONTANT
- BETAAL REKENINGE
- KONTANT ONTREKKING
- LUGTYD
- PREPAID KRAG
- RICA SIMKAARTE







**BESTELLINGS VIR KOEKE, TERTE EN KLEIN KOEKIES KAN BY ONS GEPLAAS WORD**

073 898 7174 - David
073 282 7174 - Anthony
kudusminimarket@outlook.com

**Voorstelle van nodige produkte word aanvaar vir bestellings**

Kudu's Mini Market

Maandae - Vrydae: 06:00 tot 18:00
Saterdae: 07:00 tot 18:00
Sondae: 08:00 tot 12:00




## ONS VERKOOP

- Groente & Vrugte
- Koeksisters
- Verskillende vleissoorte
- Mopanie & Sekelbos hout
- Gesuiwerde Water
- Gas Bottels









Bestel jou gunsteling tydskrif enige tyd


KWEKERY • KOFFIEKROEG
CURIO WINKEL
OORNAG FASILITEITE
MOSSIENES
KWEKERY
Kwekery
Die beste pryse in die vallei !!
Verskeidenheid van plante en bome.
Curio winkel
Geskenke vir jonk en oud
071 691 2190
079 219 2216
mossienesloskop@gmail.com


082-325-6235
LOSKOP
Tuin en Skoonmaak Dienste
Tuinonderhoud
Onkruidbestuur
Brandbane
Erf skoonmaak
Swembad Onderhoud
Vensterwas
Tuinafval Verwydering
Garden Maintenance
Weed Management
Firebreaks
Yard Clean-ups
Pool Maintenance
Window Washing
Waste Removal


Wietske Smit
Natuurlewe Kunstenaar
Skilderye van jou keuse, kontak Wietske vir 'n kwotasie of besoek haar webwerf en besigtig haar portefeulje.
Kontakbesonderhede:
Sel nr. 0730578221
Webwerf:
www.wietskesmit.co.za


Nella-BEE
Cura Cream
AP HERBAL
X-treme Cream
Repellent Cream
iana's Bulbinella
nti Ageing Serum
Bulbinella
Why Bulbinella
Bulbinella is a native plant of South African not only is it a very beautiful plant but is a very strong plant that grows in challenging climates. Bulbinella possesses many medical uses and has been called the South African version of Aloe Vera, but its medicinal benefits go far beyond that of Aloe Vera.
Diana's Bulbinella Cream
For almost ANY skin condition
Contact : Erna
0825213275
Kranspoort Bulbinella
Agent
Diana's
BULBINELLA